

Chris Jones*

Suid-Afrikaners vier jaarliks op 24 September Erfenisdag om erkenning te gee aan hul kulturele rykdom en om dit te vier. Kultuur moet volgens my nie net diversiteit erken nie, maar moet ook sosiale kohesie bevorder.

Kultuur behoort verwelkomend te wees en die welstand van alle mense te verbeter. Dit behoort nuwe denke en dade te inspireer om billikheid en maatskaplike geregtigheid vir almal te lewer.

Kultuur en erfenis gaan nie net oor die verlede nie, want ons skep albei elke dag. Die kultuur wat ek, en ek glo baie ander Suid-Afrikaners ook, in die vooruitsig stel en begeer, is nie gegrond op dit wat ons politici onlangs te sê gehad het oor onwettige buitelanders in ons land nie.

Die kultuur wat ek graag sal wil omarm, is eerder een van menseregte wat reg laat geskied aan wat dit beteken om 'n mens te wees.

Volgens mediaberigte het die leier van die Patriotiese Alliansie, Gayton McKenzie, onlangs ter ondersteuning van [Limpopo se LUK vir gesondheid, dr Phopi Ramatuba, gesê](#) “onwettige buitelanders behoort nie eens in die land te wees nie, want vir hulle net om hier te wees, is 'n misdaad. Hulle moet hulle sterre dank dat ek nie leier van die land is nie, want ek sal by daardie hospitaal instap en die suurstof wat hulle van Suid-Afrika geniet, ontkoppel en ek sal iemand van Suid-Afrika bring en aan die suurstof koppel. As hulle moet sterf, moet hulle sterf”.

Ek weet mense kan nie net aanhoudend Suid-Afrika uit ons buurlande binnestroom en op ons infrastruktuur – veral openbare gesondheidsorg wat reeds onder geweldige druk is – staatmaak nie. Maar wanneer mense reeds in die land is en byvoorbeeld basiese gesondheidsdienste benodig, kan jy hulle dit nie [weier](#) nie.

Die doel van hierdie artikel is nie om 'n lys redes te verskaf waarom daar so baie immigrante in die land is of waarom ons gesondheidsdienste so [swak vaar](#) nie. Ek wil eerder aandui hoe sulke mense as 'n minderheidsgroep in Suid-Afrika behandel behoort te word volgens ons (geërfde) grondwetlike waardes – sodat hulle ons gelykmakende kultuur kan waarneem, ervaar en kan inneem wat ons sedert 1994 probeer vestig.

Ten slotte ...

Op Erfenisdag en verder moet ons mekaar aan die behoefte herinner om 'n kultuur uit te bou wat verwelkomend is en menseregte in ooreenstemming met ons geërfde grondwetlike waardes bevorder. Dit moet deel wees van die erfenis wat ons aan toekomstige geslagte Suid-Afrikaners nalaat.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Dr Chris Jones is die hoofnavorsers in die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie en ook hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.**